Erfenisbewaring

Aksieplan vir die Solidariteit Beweging Toekomsberaad

10 Oktober 2015

1. Inleiding

Afrikaners se kultuurerfenis lê hulle baie na aan die hart. Die Solidariteit Beweging is daarom ook deur sy onderskeie instellings nóú betrokke by die bewaring van die erfenis in die breedste sin van die woord – insluitend die stoflike en die geestelike elemente daarvan.

Paul Kruger het in 1904 in sy laaste boodskap geskryf: “Neem uit die verlede alles wat goed en edel is, en bou daarop die toekoms”. Om dit uit te voer, moet mense in hulle alledaagse lewe aan die spore van die verlede blootgestel word, hulle moet daarmee vertroud wees en dit moet bydra tot die skep van ’n gesonde, eie identiteit.

Die uitbeelding van ’n gemeenskap se verlede speel ook ’n groot rol in die verhouding wat dit met ander gemeenskappe in ’n gedeelde omgewing bou. Dr. Gyorgy Tatar van die Boedapest Sentrum vir die Internasionale Voorkoming van Volksmoord en Massa Gruweldade het in 2014 in ’n voorlegging aan die VN se Minderheidsforum beklemtoon dat die verdraaide uitbeelding van ’n volk se verlede direk kan bydra tot die pleging van geweld daarteen. Dit is dus van die allergrootste belang dat ons erfenis bewaar word en in konteks uitgebeeld word.

Tydens die krisisberaad van 5 Mei 2015 is kommer uitgespreek oor Afrikanermonumente op openbare plekke wat deur vandale geteiken word, die minister van Kuns en Kultuur se mening dat die kulturele landskap oorheers word deur apartheids- en koloniale simbole wat met sogenaamde “inklusiewe” versoeningsimbole vervang moet word, asook resolusies van die Departement van Kuns en Kultuur oor die verskuiwing van standbeelde na temaparke waar Afrikanerleiers vir besoekers as menseregteskenders uitgebeeld kan word.

Die instellings van die Solidariteit Beweging sal deurgaans hul fokus daarop verskerp om ’n kultuur van wedersydse erkenning en respek te bevorder deur vir almal se erfenis en standpunte ruimte te skep; te verhoed dat die huidige erfenisdebat misbruik word om ’n transformasie-agenda te dryf; en te sorg dat Afrikaner-erfenisse in historiese konteks geplaas en volhoubaar beveilig word Dit sal ook alles moontlik doen om toe te sien dat Afrikaner-gemeenskapsinstellings wat op erfnisbewaring fokus, sterker ondersteun word.

2. Probleemstelling

Op makrovlak is erfenis ongelukkig nie ’n prioriteit in ’n samelewing met soveel probleme soos dié van Suid-Afrika nie. Die publiek reageer emosioneel op verwaarlosing daarvan, maar staan terug wanneer dit by optrede of befondsing kom.

Sedert die 1980’s het owerheidsinstellings gaandeweg al minder op die bewaring van die Afrikaner-erfenisse gefokus om sogenaamd weg te beweeg van “Eurosentrisme”. Erfenisbewaring is wel toenemend as wetenskap bevorder en wetgewing asook uitvoerende instellings is geskep om erfenishulpbronne te bewaar. Professionele verenigings het gedy en wetenskaplike navorsing en publikasies is aangemoedig. Finansieel was daar maar altyd uitdagings. Talle instellings het vriende-organisasies gestig waardeur vrywilligers fondse vir die bedryf van die instellings help insamel het.

In die nuwe bedeling is die gekwalifiseerde kundiges tot ’n groot mate uit die stelsel “getransformeer”. Professionele verenigings het gekrimp, Museumkunde word nie meer as studierigting in Suid-Afrika aangebied nie en bestaande kundiges verouder. Nuwe aanstellings stel min in hul beroepswêreld se wetenskaplike sy belang. Die hoofde van instellings is dikwels mense met weinig kennis oor, of ervaring in die wêreld van erfenisbewaring. Bestaande bates soos museums verkeer onder enorme finansiële druk, vergaan as gevolg van wanbestuur, word soms geplunder, of word onder politieke druk geplaas om hul inhoud te “transformeer” – tot so ’n mate dat uitstallings soms verwyder is omdat dit “polities aanstoot gee” sodat die uitstalruimtes in museums eenvoudig leegstaan. Daar is dikwels ’n hoë omset van personeel (onder meer oor die klein salarisse en lang werksure). Kundigheid betreffende byvoorbeeld navorsing, uitstallingsmetodes of restourasie moet uitgekontrakteer word en die kundiges uit die privaatsektor is duur. Noodsaaklike werk staan dus dikwels onbepaald oor totdat bates onredbaar word. In 2014 het die Robertson-museum byvoorbeeld ineengestort. Bewaringsinstansies soos die Suid-Afrikaanse Hulpbronne-agentskap,

Suid-Afrikaanse Geografiese Nameraad en provinsiale bewaringsinstellings wanfunksioneer weens kaderontplooiing, gebrek aan kundigheid, gebrek aan befondsing, gebrek aan afdwingingsmagte en ideologiese agendas. Beide personeel en lede van die instellings se adviesrade propageer 'n agenda van 'n "transformasie van erfenis". Teenkanting van ander personeellede of raadslede lei tot uitrangering.

Finansies bly 'n probleem weens wanaanwending, asook 'n afname in toerisme, donateurs en vrywillige ondersteuners. Misdaad speel ook 'n rol met internasionale sindikate wat Suid-Afrikaanse museums en argiewe teiken, sowel as kriminele wat standbeelde vir skrootmetaal plunder of met graffiti skend.

Polities is erfenisbewaring in die kollig. Die afgelope halfjaar het standbeelde landswyd die teiken van politieke vandale geword. Plekname is insgelyks lankal in die spervuur. Die nasionale erfenisberaad van April 2015 wat deur die minister van Kuns en Kultuur, Nathi Mthetwa, gereël is, en die aanstel van 'n ministeriële taakspan om oor die toekoms van erfenis in Suid-Afrika te besin, het uit die vlaag skendings voortgespruit. Tydens die beraad is 20 resolusies aangekondig. Hoewel dikwels vaag bewoord, kan daaruit afgelei word dat die fokus transformasie in lyn met die voorskrifte van die Nasionale Demokratiese Revolusie is, met negatiewe gevolge vir Afrikaner-erfenisse (die resolusies gebruik terme soos "simbole van vorige regimes" hiervoor) soos plekname, standbeelde, museums, skoolkurrikula, ensovoorts. Bestaande bewaringswetgewing is selfs in die spervuur. Daar word nie ruimte gelaat vir die onderskeie gemeenskappe om hul eie erfenis te bewaar en bekend te stel nie. Instellings soos die 185-Kommissie wat juis kulturele diversiteit in die land moes beskerm, is dermate getransformeer dat dit bloot die regeringsagenda bevorder.

Op mikrovlak skenk 'n groot getal Afrikaners min aandag aan erfenisse. Hulle besef nie watter vlakke van kundigheid en finansiering nodig is vir die behoorlike bewaring daarvan nie. Sommige het 'n vae idee dat dit die verantwoordelikheid van instellings is, juis omdat die staat voor 1994 so aktief op die terrein betrokke was. Enkele gemeenskapsprojekte se sukses bewys wat tot stand gebring kan word wanneer 'n gemeenskap aktief by sy erfenisse betrokke raak. Die Vegkopterrein, Vriende van die Tolhuis, Kaapland Voortrekkermuseum op Wemmershoek, Valsrivier Erfenisstigting, Centurion Erfenisstigting, Vriende van die Bron van Herinnering, Vriende van die Ou Presidensie, Bloedrivier Geloftekomitee wat die Wasbank-monument weer nuut opgerig het, en die Sarel Cilliers-museum op Doornkloof Voortrekkerplaas is goeie voorbeelde in die verband. Die uitdaging is dat hulle suksesse gekloon moet word.

Die volgende dekade gaan bepalend wees vir die toekoms van die Suid-Afrikaanse, en meer spesifiek, Afrikaner-erfenis. Ingrypende optrede is nodig om sleutelelemente daarvan te behou. Die instellings van die Solidariteit Beweging is uitstekend geposisioneer en het die nodige ervaring om ’n deurslaggewende rol in die verband te speel.

3. Vordering

Met die aanvang van die standbeeldskendings in April 2015 het die Solidariteit Beweging ’n noodfonds van R100 000 aan die Erfenisstigting bewillig vir die restourasie van gevandaliseerde gedenkwaardighede.

Restourasie van die Paul Kruger-standbeeld in Krugersdorp.

Polisiebeskerming is verder vir monumente en soortgelyke punte van erfenisbelang gevra en die Bewegingstrust het ’n suksesvolle regsaksie onderneem om ’n interdik teen die EFF se aanhitsing vir die vernietiging van erfenisse te bekom.

Die stappe was tot dusver voldoende om bestaande erfenisse teen vandale te beskerm. Die beeldestorm waai tans voorlopig ook oor. In die geïsoleerde gevalle waar skendings wel voorkom, word die beelde vinnig en met groot sukses gerestoureer.

Wat die langer termyn betref, ondersteun die instellings van die Solidariteit Beweging bewaringsinstellings soos byvoorbeeld die Erfenisstigting, Voortrekkermonument en Vegkopterrein met finansiële bydraes en kundigheid. Sodanige instellings word ook ad hoc deur die Beweging met fondswerwingsprojekte gesteun.

Bewegingsinstellings speel ’n belangrike rol om lede en die gemeenskap in die breë bewus van ons erfenis te maak deur middel van artikels in tydskrifte, op die sosiale media, in nuusbriewe, asook met ander publikasies, byvoorbeeld Kraal Uitgewers se boeke. Soortgelyke bewusmaking geskied ook wat betref die erkenning van en respek vir die erfenis van ander gemeenskappe.

AfriForum neem deurgaans sterk standpunt in teen die ondeurdagte verwydering en onaanvaarbare vernietiging van gedenkwaardighede. Regsaksie word onderneem teen individue en instellings wat erfenishulpbronne beskadig.

AfriForum-takke en die FAK raak by plaaslike bewaringsprojekte betrokke. Interne studente van AfriForum Jeug beplan erfenisbewaringsprojekte en besoek plekke van historiese belang. Lede van die Beweging se instellings moniteer die toestand van erfenishulpbronne en stel die Beweging in kennis wanneer dringende aandag vir die bewaring daarvan nodig is. AfriForum en die FAK betrek kundiges en onderneem navorsing om gemeenskappe met inligting oor die bewaring van hulle erfenisse by te staan. Wanneer owerhede erfenisbefondsing wanaanwend, byvoorbeeld met die oprig van die Vrouemuseum in Pretoria en die rotskunsmuseum in Joubertina, word hulle ook deur AfriForum verantwoordbaar gehou.

AfriForum is aktief betrokke by die ministeriële taakspan oor erfenis se werksaamhede deur Alana Bailey wat as lid van die taakspan dien, met Kallie Kriel as sekondant – daar is ook duidelik gemaak aan die minister dat betrokkenheid nie beteken dat AfriForum hom sal laat koöpteer of outomaties sal saamstem met die minister se resolusies en die taakspan se aanbevelings nie. Dit gee wel 'n unieke geleentheid om besware, kommer en ontevredenheid direk met die betrokke owerhede op te volg.
Benewens al die aksies op die terrein van erfenis, vind geskiedenisbevordering deurlopend deur die Solidariteit Beweging se instellings plaas. Hierdie tema word egter deur die opvolgberaad se geskiedenistaakspan bespreek en daar word hier dus nie verder daarop uitgebrei nie.

4. Aksieplan 2015-2020

Instellings van die Beweging se ondersteuning van bewaringsinstellings sal in die toekoms toenemend geformaliseer word. Daar word byvoorbeeld tans aan 'n samewerkingsooreenkoms tussen AfriForum en die Voortrekkermonument gewerk rakende ledewerwing. 'n Soortgelyke ooreenkoms word met die Erfenisstigting in die vooruitsig gestel rakende die lewering van vakkundige dienste op aanvraag aan AfriForum. AfriForum se Vegkoptak is reeds 'n voorbeeld van 'n gemeenskapstak met 'n erfenisbelang. Personeel van instellings van die Beweging dien ook in direksies van die instellings, deel hul kundigheid met die instellings en betaal ledegeld daaraan – 'n aktiewe soort betrokkenheid wat deurlopend nodig is.

Benewens die formele aksies sal ad hoc steun vir spesifieke projekte voortgaan – so het AfriForum byvoorbeeld weer onlangs geld geskenk aan die Oorlogsmuseum vir die restourasie van 'n pediment van die Republiek van die OVS.

Bewusmaking van lede van die Beweging oor erfeniskwessies en oor die noodsaak van hul betrokkenheid by nasionale en plaaslike bewaringsaksies sal voortdurend deur alle media tot Bewegingsinstellings se beskikking gedoen word. 'n Belangrike doelstelling is om op die gehalte van die inhoud van die beriggewing en inligting te fokus. Dit moet ook duidelik wees dat aksies gaan oor die waardering vir eie erfenisse, asook respek vir dié van ander gemeenskappe.

Regsaksie deur AfriForum teen individue en instellings wat erfenishulpbronne vernietig sal voortgaan en alle moontlike instellings sal betrek word om insette te lewer indien enige toepaslike wetgewing aangepas word.

Regsaksie word tans deur AfriForum teen die Masilonyana Munisipaliteit onderneem oor die verwaarlosing van Winburg Konsentrasiekampbegraafplaas.

Heilbron se Konsentrasiekampbegraafplaas is egter in 'n puik toestand weens besonder aktiewe gemeenskapsbetrokkenheid.

AfriForum-takke en instellings waarby die FAK betrokke is, raak toenemend by plaaslike bewaringsprojekte betrokke. Gemeenskappe moet sodoende besiel en bemagtig word om na hulle eie erfenisbates om te sien en dit bekend te stel. Waar gemeenskappe in 'n mindere mate betrokke is, gaan die soort hulpbronne helaas vinnig verlore. Takke kan byvoorbeeld 'n oudit doen van die erfenishulpbronne in hul omgewing, aan wie dit behoort, wat die toestand daarvan is, risiko's wat dit moontlik bedreig, die betekenis daarvan en vereistes om dit na behore te bewaar. Ander instellings binne en buite die Beweging kan ook hierby betrek word.

Intussen kan die Beweging deurgaans die debat stimuleer oor erfenisbewaring deur middel van toepaslike berade, simposiums en konferensies, maar tegelykertyd op grondvlak strukture bou en versterk, asook betrokkenes oplei om te verseker dat daar nie net met praat volstaan word nie. Byeenkomste kan dan ook die beste praktyke van die strukture in hulle beraadslaging ontleed en bekendstel vir wyer implementering.

Jong gemeenskapslede maak die Heldeakker in Pretoria skoon.

Weens die beperkte hulpbronne wat beskikbaar is, sal bewaringsprojekte geprioritiseer moet word. Die Beweging se ledebasis en breër Afrikanerpubliek sal in die proses betrek moet word en dit moet ondersteun.

Lede van AfriForum Jeug besoek Majuba en die Vrouemonument.

Omdat ons ook die jeug bewus moet maak van die belang van erfenis en ’n liefde en waardering daarvoor by hulle moet kweek, sal lede van organisasies soos AfriForum Jeug en die Voortrekkers waar moontlik by bewaringsaksies en inligtingsessie betrek word.

Die moontlikheid moet ondersoek word om Museumkunde as studierigting te laat herleef – dalk deur Akademia, of met kortkursusse aangebied deur van die instellings wat ons ondersteun soos die Erfenisstigting. Dit kan ook ’n bron van inkomste word. Spesialiskundigheid op die terrein van bewaring moet vervang kan word, voordat die huidige geslag kenners verlore raak.

AfriForum se gesprekke met owerhede is voorlopig beperk tot deelname aan die ministeriële taakspan. Langs dié weg word wel kontak gemaak met bewaringsinstellings uit ander gemeenskappe – dit mag tot breër samewerking in dié verband lei. Die gesprekke moet lei tot ’n ooreenkoms waarvolgens Afrikaner-erfenisse onder Afrikaners se bestuur geplaas word met die aanwending van eie belastinggeld daarvoor. Die druk op owerhede om aan die ideaal gehoor te gee en hulle plig tot erfenisbewaring na te kom, sal nie verslap word nie.

Aanspreeklikheid word vir die Vrouemuseum-projek ter waarde van sowat R300-miljoen in Pretoria geëis.

Individue, politieke partye en owerhede sal ook deurlopend aanspreeklik gehou word vir die benadeling van enige erfenishulpbron en wanaanwending van erfenisbefondsing.

5. Samevatting

Sukses wat reeds op nasionale vlak behaal word met bewaringsinisiatiewe waarby die Solidariteit Beweging en sy instellings betrokke is, byvoorbeeld die werksaamhede van die Erfenisstigting, asook op plaaslike vlak, soos byvoorbeeld by Vegkop, Heilbron en Stella, bewys dat gemeenskapsbetrokkenheid die verskil tussen die behoud of verlies van erfenishulpbronne beteken. Die verskillende instellings van die Solidariteit Beweging beskik oor die ervaring, kundigheid, kontakte, koördineringsvermoë en gemeenskapsverteenwoordiging om 'n sleutelrol in dié verband te speel.

AfriForum was betrokke by die suksesvolle saak teen die burgemeester van Standerton wat 'n Groot Trek Herdenkingsgedenkteken laat vernietig het.

Regsaksie sorg dat waterskeidingsake oor erfenis gevoer word en wanfunksionele instansies wat vir dié terrein verantwoordelik is, aanspreeklik gehou word. Die kommunikasiekanale van die Beweging kan lede deurentyd oor die jongste gebeure en behoeftes op die erfenisterrein ingelig hou. Met die Beweging se aansienlike ledetal kan dit verder druk toepas en met owerhede onderhandel om 'n volhoubare toekoms vir ons erfenishulpbronne te verseker, terwyl wedersydse erkenning en respek vir eie en ander gemeenskappe se erfenisse en standpunte bevorder word.

Gemeenskappe hoef beslis nie erfenisbewaring net as 'n uitgawe en verantwoordelikheid te beskou nie – dit skep unieke loopbaan- en inkomstemoontlikhede as dit verantwoordelik bestuur word. Daar is opwindende opsies op die terrein wat ook in samewerking met die Beweging ontgin kan word om by te dra tot 'n blywende vry, veilige en voorspoedige toekoms vir ons gemeenskap en ons erfenishulpbronne.

- - - - - - - - - - - - - -